Die verdieping van die resessie in Suid-Afrika en die afname in binnelandse besteding het tot 'n afname in die goedere-invoer gelei en in die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans tot 'n waarde van R12,3 miljard (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) in die vierde kwartaal van 1991 tot gevolg gehad. Vir die jaar in sy geheel het die oorskot R7,4 miljard beloop.

Die waarde en fisiese omvang van die goedere-invoer het in 1991 teen 'n redelik vinnige koers gestyg, maar het in die vierde kwartaal afgeneem. Vir die tweede agtereenvolgende jaar was 'n aansienlike uitbreiding in die uitvoer van fabrikante grotendeels vir die gesonde uitvoerprestasie verantwoordelik. Bereken as 'n persentasie van die totale goedere-uitvoer, het fabrieksprodukte hulle aandeel bestendig van $13\frac{1}{2}$ persent in 1987 tot $18\frac{1}{2}$ persent in 1991 verhoog. Hoewel dit as 'n weerspieëling van 'n realistiese waarde van die wisselkoers van die rand beskou kan word, is dit waarskynlik ook te danke aan die lae vlak van binnelandse ekonomiese bedrywigheid wat vervaardigers gedwing het om ander afsetgebiede vir hulle goedere te soek.

Die groot oorskot op die lopende rekening is deur 'n verbetering van die kapitaalrekening van die betalingsbalans ondersteun. Die totale netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het van 'n jaarlikse gemiddeld van R5 miljard in die tydperk 1985 tot 1989 tot R2,9 miljard in 1990 en tot slegs R1,4 miljard in die eerste nege maande van 1991 teruggesak. Hierdie verbetering het die Reserwebank in staat gestel om die kwotering van voorkeurkoerse op transaksies in termynvalutadekking te beëindig wat aan die einde van 1988 ingestel is met die doel om die finansiering van buitelandse handel te bevorder. Hoofsaaklik vanweë hierdie verandering, maar ook as gevolg van die gebruik van sommige buitelandse banke om aan die einde van hulle boekjare in Desember hulle uitstaande bates teen nie-inwoners te verminder, is 'n netto uitvloeiing van nie minder nie as R4,6 miljard in die vierde kwartaal van 1991 aangeteken.

Die verbetering in die algehele posisie op die betalingsbalans het gelei tot 'n verhoging van R2,5 miljard in die bruto goud- en ander buitelandse reserwes in 1991 tot R9,8 miljard aan die einde van die jaar; hierdie reserwes is bykans gelyk aan die waarde van twee maande se invoer van goedere en dienste. Veral die goudreserwes van die land het met 2,4 miljoen fyn onse tot 6,5 miljoen fyn onse aan die einde van 1991 vermeerder.

Die stygende buitelandse valutareserwes van die land het dit moontlik gemaak om 'n betreklik stabiele wisselkoers van die rand te handhaaf. Die nominale effektiewe wisselkoers van die rand het met ongeveer $6\frac{1}{2}$ persent in 1991 afgeneem, en van die einde

van 1991 tot 29 Februarie 1992 effens met 0,6 persent gedaal. In Desember 1991 was die reële effektiewe wisselkoers van die rand derhalwe slegs 0,1 persent onder die vlak wat dit in Desember 1990 behaal het.

Die groeiakoers in die geldvoorraad in die riglynjaar 1991 het aanvanklik binne die riglynperke van 8 tot 12 persent gebly, maar nadat die regulatoriese veranderinge kragtens die Wet op Depositionemende Instellings in werking gestel is, het dit skerp tot bo die boonste perk van die sogenaamde "kegel" opgeskuif. Vir die res van die jaar het die groei in M3 hoër as die boonste perk van die riglyne gebly. Van die vierde kwartaal van 1990 tot die vierde kwartaal van 1991 het M3 met 14,8 persent gestyg. Indien voorsiening gemaak word vir die regulatoriese veranderinge deur die groei in M3 te meet vanaf die einde van Februarie 1991 (die maand waarin hulle in werking getree het) tot die einde van Januarie 1992, het die onderliggende groeiakoers (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarkoers) 'n voorlopige geraamde 9,7 persent bedra.

Stadiger groei in kredietverlening is in 1991 aangeteken wat 'n weerspieëling was van die algemeen traë ekonomiese toestande en die invloed van positiewe reële rentekoerse. Sommige monetêre instellings was ook minder geneë om verdere krediet aan kliënte te verleen, en het hulle minder op die uitbreiding van hulle totale bates en meer op die opgradering en handhawing van die kwaliteit van hulle kredietverlening toegespits. Huiseienaars het egter voortgegaan om gebruik te maak van verbandvoorskotte vir die aankoop van duursame en ander verbruiksgoedere aangesien sodanige finansiering betreklik min kos en terugbetalings oor die algemeen buigsam is.

Taamlik likwiede toestande het op die finansiële markte in 1991 geheers. Die geldmark, wat reeds aanmerklik in die laaste maande van 1990 verruim het, het 'n groter toevloei van fondse in 1991 beleef; die Reserwebank moes derhalwe op groot skaal gebruik maak van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd en intervensie-ruiltransaksies in buitelandse valuta om buitensporige toenames in die likwiditeit teen te werk. Hoewel handelsbedrywigheid op die kapitaalmark by tye gewissel het, het dit op betreklik hoë vlakke gebly.

Hierdie heelwat ruimer toestande en 'n verwagte verlaging van die Bankkoers in 1991 en in die eerste maande van 1992 het tot 'n geleidelike afwaartse beweging in die meeste geldmarkkoerse gelei. Die gemiddelde opbrengsakoers op langtermynstaats-effekte het aan die ander kant, van 'n laagtepunt van 15,6 persent in Februarie en Maart 1991 tot 17,2 persent in Oktober verhoog. Verwagtings van 'n verlaging in die Bankkoers het veroorsaak dat hierdie koers tot 16,6 persent in Januarie 1992 gedaal het.

Fiskale beleid was in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1991/92 meer uitbreidend as wat in

die Sentrale Regering se Begroting van Maart 1991 voorsien is. Skatkisuitreikings het teen 'n hoër koers en skatkisontvangste teen 'n laer koers gestyg as waarvoor begroot is. Die tekort voor lenings en skuldaflossings was dus gelyk aan 4,4 persent van die bruto binnelandse produk tot die einde van Desember 1991, vergeleke met die begrote syfer van 3,4 persent vir die fiskale jaar in sy geheel.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Die klein toename in die *totale binnelandse produk* in die derde kwartaal van 1991 – na sewe kwartale van ononderbroke afnames – was van korte duur. Voorlopige gegewens vir die vierde kwartaal van die jaar toon dat die totale reële produksie teen 'n jaar-koers van ongeveer ½ persent gedaal het. Dit beteken dat die reële bruto binnelandse produk vir die jaar in sy geheel met ½ persent afgeneem het, dit wil sê teen ongeveer dieselfde koers as in 1990.

Die afname in die reële bruto binnelandse produk in die vierde kwartaal van 1991 was die netto resultaat van afnames in die reële toegevoegde waarde van die sekondêre en die tersiêre sektore, wat die groei in die primêre sektore meer as geneutraliseer het. Vir die kalenderjaar 1991 het die toegevoegde waarde van die primêre sektore en die sekondêre sektore afgeneem en slegs die tersiêre sektore het 'n positiewe bydrae tot die groei van die binnelandse produksie gemaak.

Landbouproduksie het sedert die begin van 1991 effens begin toeneem en het verder teen jaarkoerse van 6 en 5 persent in die laaste twee kwartale van


die jaar gestyg. Die toename in die vierde kwartaal van 1991 kan hoofsaaklik aan hoër akkerbouproduksie toegeskryf word. Volgens die jongste ramings het die koringoes van 1991 sowat 2,1 miljoen ton opgelewer, wat ongeveer 23 persent meer is as die oes van 1,7 miljoen ton wat in die vorige seisoen ingesamel is. Hierdie toename in die landbouproduksie het egter vanaf 'n lae vlak aan die einde van 1990 begin; die reële toegevoegde waarde van die landbou in 1991 in sy geheel het derhalwe nog steeds met 1½ persent afgeneem, ten spyte van die stygende neiging wat gedurende die jaar waargeneem is.

Nadat die fisiese omvang van die *mynbouproduksie* vir drie opeenvolgende kwartale gedaal het, het dit weer gedurende die tweede helfte van 1991 toegeneem. Die koers van toename in die mynbouproduksie het ietwat gestyg vanaf 'n jaar-koers van ½ persent in die derde kwartaal van 1991 tot 'n voorlopig geraamde koers van 1 persent in die vierde kwartaal. Hierdie styging weerspieël hoofsaaklik 'n toename in die goudproduksie as gevolg van die verwerking van erts met 'n hoër goudinhoud. Diamant- en steenkoolproduksie is ook teen betreklik hoë vlakke gehandhaaf, maar die reële produksie van die ander mynbouprodukte het vanweë die swak internasionale vraag na onedele metale en mineraalprodukte merkbaar gekrimp. Vir 1991 in sy geheel het die mynbouproduksie met ongeveer 1½ persent afgeneem, vergeleke met 'n afname van 1 persent in 1990.

Die afname in die reële toegevoegde waarde van die *sekondêre sektore* in die vierde kwartaal van 1991 kan hoofsaaklik aan 'n afname in die reële opbrengs van die vervaardigingsondernemings toegeskryf word, maar die sektore wat elektrisiteit, gas en water voorsien en die konstruksiesektor het ook swakker groei ondervind. Fabrieksproduksie wat sedert die middel van 1990 begin daal het, het met 'n verdere 4 persent (teen 'n jaar-koers) in die vierde kwartaal van 1991 afgeneem. Dit het die totale afname in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese in 1991 op 2½ persent te staan gebring, teenoor 1½ persent in 1990. Die daling gedurende 1991 was die gevolg van die laer produksie van duursame goedere, maar van die derde kwartaal van die jaar het die produksie van nie-duursame goedere ook begin afneem. Die persentasiebenutting van die fabriekswese se produksievermoë het gevolglik tot 'n laagtepunt van 80,4 persent in die derde kwartaal van 1991 afgeneem.

Die reële toegevoegde waarde van die *tersiêre sektore* het in die vierde kwartaal van 1991 teen 'n jaar-koers van ½ persent gedaal nadat toenames teen betreklik lae koerse nog in die eerste nege maande van die jaar behaal is. Die daling in die vierde kwartaal van 1991 kan toegeskryf word aan 'n daling in die reële toegevoegde waarde deur die vervoer- en handelsektore, terwyl die toegevoegde waarde van die finansiële sektor en van die algemene ower-

Reële bruto binnelandse produk




heid volgehou het om effens te styg. In die kalenderjaar 1991 het die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektor met ½ persent gestyg, wat byna gelyk was aan die koers van die vorige jaar.

In teenstelling met die daling in die reële bruto binnelandse produk, het die reële bruto nasionale produk effens met ongeveer ½ persent in 1991 toegeneem. Hierdie matige toename – wat volg op die hakke van 'n afname van meer as 1 persent in 1990 – kan aan 'n daling in Suid-Afrika se reële netto faktorbetalinge aan die buiteland toegeskryf word, wat 'n verdere verswakking van die land se ruilvoet geneutraliseer het. Die reële bruto nasionale produk per hoof van die bevolking het egter voortgegaan om in 1991 te verminder; die koers van afname het 2 persent beloop, teenoor 2½ en 3½ persent in die twee voorafgaande jare. In 1991 het die bruto nasionale produk per hoof van die bevolking teen konstante 1985-pryse sowat R3 275 bedra, wat met bedrae van R3 208 in 1971 en R3 905 in 1981 vergelyk kan word.


Binnelandse besteding

Die reële bruto binnelandse besteding het slegs effens met ½ persent in 1991 gedaal; dit kan vergelyk word met koerse van afname van ½ persent in 1989 en 2½ persent in 1990. Die daling in die binnelandse besteding in die vierde kwartaal van 1991 het teen 'n jaarkoers bykans 2½ persent beloop. Die verdere afname in die binnelandse besteding het skerp dalings in die besteding aan verbruikersgoedere en -dienste en die vaste investering weerspieël, terwyl die reële verbruikersbesteding van die algemene owerheid effens gestyg het en die koers van voorraadaafbouing verminder het.

Reële bruto binnelandse besteding



Reële private verbruikersbesteding




Die totale reële private verbruikersbesteding wat in die tweede kwartaal van 1991 begin daal het, het teen 'n jaarkoers van 3½ persent in die vierde kwartaal van 1991 afgeneem. Vir 1991 in sy geheel het die reële private verbruikersbesteding op ongeveer dieselfde vlak as in 1990 gebly. Die afname in die verbruikersbesteding gedurende 1991 het hoofsaaklik in die besteding aan goedere voorgekom, terwyl die besteding aan dienste betreklik bestendig gebly het.

Huishoudings se reële besteding aan veral duurzame goedere het dwarsdeur 1991 afgeneem en in die vierde kwartaal het hierdie besteding teen 'n jaarkoers met bykans 15 persent gedaal. Hierdie daling was oor die meeste soorte van duurzame goedere versprei, maar huishoudings het veral besnoei op die besteding aan meubels, huishoudelike toestelle en nuwe motorvoertuie. In die tweede helfte van 1991 het huishoudings se besteding aan semi-duursame en nie-duursame goedere ook gedaal, en in die vierde kwartaal het selfs die besteding aan verbruikersdienste teen 'n jaarkoers van 1½ persent afgeneem.

Die reële owerheidsverbruikersbesteding wat nog teen hoë koerse in die laaste twee kwartale van die fiskale jaar 1990/91 toegeneem het, het in die fiskale jaar 1991/92 afgeneem. In die tweede kwartaal van 1991 (oftewel die eerste kwartaal van die fiskale jaar) het die toename in reële owerheidsverbruikersbesteding verlangsamer tot 'n jaarkoers van 1½ persent, voordat hierdie tipe besteding teen 'n jaarkoers van 23 persent in die derde kwartaal afgeneem het; daarna het dit in die vierde kwartaal met ongeveer 4 persent gestyg. In die kalenderjaar 1991 het die reële owerheidsverbruikersbesteding nog met 5½ persent toegeneem.

Die totale reële bruto binnelandse vaste investe-

Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



ring het in die vierde kwartaal van 1991 aansienlik gedaal – die agtste opeenvolgende kwartaallike afname van hierdie totaal. Dalings het in al drie die vernaamste institusionele sektore voorgekom, maar veral die maatskappye in die private sektor en die openbare korporasies het op kapitaaluitgawes besnoei. Die verdere besnoeiing op kapitaaluitgawes het 'n versnelling in die koers van afname in die reële vaste investering van 1½ persent in 1990 tot 8½ persent in 1991 teweeggebring.

Nadat aanmerklike afnames in die drie voorafgaande kwartale plaasgevind het, het die reële vaste kapitaalvorming van die private sektor in die vierde kwartaal van 1991 verder met ongeveer 3 persent gedaal. Die grootste besnoeiings van die private sektor se kapitaalbesteding in die vierde kwartaal het in die mynbousektor en in die konstruksie van woongeboue voorgekom. Kleiner koerse van afname is ook deur feitlik al die ander ekonomiese sektore aangeteken.

Die verloop van die kapitaaluitgawes van die openbare korporasies is in 1989 en 1990 sterk deur bedrywighede verwant aan die ontwikkeling van Mossgas beïnvloed. Tot aan die einde van 1990 was hierdie besteding so groot dat dit die afname van

Eskom se kapitaalprogramme geneutraliseer het. Namate die Mossgasprojek voltooiing nader het die vermindering van die kapitaalbesteding 'n aansienlike afname van die totale kapitaalbesteding van die openbare korporasies teweeggebring. Die reële vaste kapitaalvorming van die openbare korporasies was in 1991 ongeveer 27 persent laer as in 1990.

Die reële vaste kapitaaluitgawes van die openbare owerhede het teen 'n jaarkoers van 4½ persent in die vierde kwartaal van 1991 afgeneem. In 1991 in sy geheel het die afname 2½ persent bedra. Hierdie afname het hoofsaaklik in die vaste kapitaaluitgawes van die departemente van die algemene owerheid voorgekom wat die toename in die besteding aan nuwe vliegtuie en verwante toerusting deur die sake-ondernemings van die algemene owerheid oorskry het.

Die afbouing van voorrade het in die derde en vierde kwartaal van 1991 verlangsaam. Vir die kalenderjaar 1991 was die voorraadafbouing effens minder as in 1990. Die laer koers van afbouing in die vierde kwartaal van 1991 kon toegeskryf word aan 'n toename in die landbouvoorrade-in-die-handel en 'n kleiner afname van nywerheids- en handelsvoorrade. Ten spyte van die kleiner afname van nywerheids- en handelsvoorrade, het die verhouding van hierdie soort voorraad tot die bruto binnelandse produk buite die landbou tot onder 18 persent in die vierde kwartaal van 1991 gedaal – die laagste vlak ooit. Vir die jaar in sy geheel het hierdie verhouding op 'n gemiddeld van sowat 18½ persent te staan gekom, teenoor 19½ persent in 1990 en 'n gemiddeld van 22½ persent in die tagtigerjare.

Faktorinkome

Die koers van toename in die *totale nominale faktorinkome* teen markpryse het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 14 persent in die eerste drie kwartale van 1991 tot 12 persent in die vierde kwartaal verlangsaam. Die gemiddelde koers van toename in die kalenderjaar 1991 het 12½ persent bedra, teenoor 13 persent in 1990.

'n Ontleding van die twee hoofkomponente van faktorinkome teen faktorkoste (dit wil sê die vergoeding van werknemers en die bruto bedryfsurplus) dui daarop dat die koers van toename in die vergoeding van werknemers verlangsaam het van 15 persent in die eerste helfte van 1991 tot 14 persent in die tweede helfte. Hierdie stadiger groei kon waargeneem word in sektore soos die landbou, elektrisiteit, gas en water, die handel en die algemene owerheid.

Op 'n jaarlikse grondslag het die koers van toename in die nominale arbeidsvergoeding van 17 persent in 1990 tot 14½ persent in 1991 verlangsaam. Die toename in die arbeidskoste van sakeondernemings (dit wil sê met die uitsluiting van die algemene owerheid) was 13½ persent in 1991. Die totale loonsom van die algemene owerheid het egter met 19½

persent gestyg; hierdie toename was net effens stadiger as die toename van 20 persent in 1990.

Ten spyte van die stadiger groei in die nominale salarisse en lone in 1991, het die aandeel van die arbeidsvergoeding in die totale faktorinkome aangehou om te styg; dit het toegeneem van ongeveer 59% persent in 1990 tot 60 persent in 1991. Hierdie koers het 'n laagtepunt van 57 persent in 1988 bereik.

Die stadiger groei in faktorinkome in die vierde kwartaal van 1991 het ook 'n laer koers van toename in die *bruto bedryfsurplus* weerspieël; hierdie totaal het teen 'n jaarcoers van 8 persent in die vierde kwartaal gestyg, teenoor 16 persent in die voorafgaande kwartaal. Op 'n jaarlikse grondslag het die koers van toename in die nominale bruto bedryfsurplus egter van 9% persent in 1990 tot 11 persent in 1991 toegeneem. Hierdie effens sterker groei het 'n merkbare verbetering in die bruto bedryfsurplus van die mynbou weerspieël vanwee besliste pogings om produk-siekoste in toom te hou en om produktiwiteit te verbeter.

Binnelandse besparing

Die verhouding van die *bruto binnelandse besparing* tot die bruto binnelandse produk het bestendig van 'n laagtepunt van 18 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot 19% persent in die vierde kwartaal gestyg. Hierdie stygende verloop het plaasgevind ondanks die voortdurende netto ontsparing van die algemene owerheid dwarsdeur 1991. 'n Verbetering in die besparing van die private sektor, veral van persoonlike besparing, was dus verantwoordelik vir die hoër spaarpoging van die ekonomie. Vir die jaar in sy geheel was die verhouding van die bruto binnelandse besparing teen 19 persent, nogtans heelwat laer as die gemiddeld van 24% persent in die tagtigerjare.

Die *algemene owerheid* was 'n ontspaarder in al vier kwartale van 1991; die totale netto ontsparing het meer as R7,0 miljard in 1991 bedra, teenoor die totale netto besparing van R0,9 miljard in 1990. Hierdie ontsparing was die gevolg van:

- 'n toename in die groeiakoers van die lopende besteding, veral die rente op staatskuld, oordragte aan huishoudings en verbruiksbesteding; en
- stadiger groei in die koers van toename in die lopende inkome, met inbegrip van die direkte en indirekte belasting.

Die *netto persoonlike besparing* het in 1991 merkbaar toegeneem ten spyte van die dalende reële inkome per hoof van private huishoudings. Die verhouding van die netto persoonlike besparing tot die persoonlike beskikbare inkome het derhalwe van 'n laagtepunt van minder as 1 persent in die derde kwartaal van 1990 tot 2% persent in die vierde kwartaal

Persoonlike besparing tot persoonlike beskikbare inkome



taal van 1991 toegeneem. Hierdie verbetering in die netto persoonlike besparing kon toegeskryf word aan betekenisvolle besnoeiings van die reële private verbruiksbesteding gedurende 1991, wat waarskynlik verwant was aan die afname van persoonlike skuld in 'n poging om die las van die huidige hoë rentekoerse te vermy, en die vermindering van werksekerheid.


Die *netto besparing van die maatskappysektor* het ook betreklik bestendig gedurende 1991 gebly. Dit kon toegeskryf word aan die styging in die primêre sektore se bruto bedryfsurplus en 'n meer konserwatiewe dividendbeleid van maatskappye.

Werkverskaffing

Die *werkverskaffing buite die landbousektor* het in elke kalender-kwartaal sedert die derde kwartaal van 1989 afgeneem, behalwe in die eerste kwartaal van 1990. Boonop het die koers van afname van kwartaal tot kwartaal in die werkverskaffing buite die landbou (seisoensaangesuiwerd en teen 'n jaarcoers) tydens dié tydperk versnel, en het dit 2,1 en 3,5 persent onderskeidelik in die eerste en tweede kwartaal van 1991 beloop; daarna het dit as gevolg van 'n toename in die werkverskaffing deur die openbare owerhede en 'n stadiger koers van afname in die werkverskaffing in die private sektor tot 0,9 persent in die derde kwartaal van 1991 gedaal. In die eerste nege maande van 1991 was die totale werkgeleentheid buite die landbou 2,3 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar.

Die totale werkverskaffing in die *private sektor* het ook van die derde kwartaal van 1989 begin afneem. Die koers van afname van kwartaal tot kwartaal in die private sektor se werkverskaffing het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarcoers van 0,7 persent in die derde kwartaal van 1989 tot 4,9 persent in die

Werkverskaffing in nie-landbousektore



eerste kwartaal van 1991 versnel. In die tweede kwartaal het hierdie koers van afname tot 4,2 persent en in die derde kwartaal nog verder tot 1,3 persent verlangsaam. Die lae vlak wat die werkverskaffing in die private sektor in die derde kwartaal van 1991 bereik het, is laas in die vierde kwartaal van 1980 aangeteken. Dit beteken dat oor 'n tydperk van elf jaar geen groei in die werkverskaffing van die private sektor plaasgevind het nie.

Nadat dit ook van die vierde kwartaal van 1989 (met die uitsondering van die eerste kwartaal van 1990) afgeneem het, het die werkverskaffing deur die openbare owerhede teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 3,2 en 4,8 persent in die vierde kwartaal van 1990 en in die eerste kwartaal van 1991 toegeneem; dit het daarna weer teen 'n koers van 1,8 persent in die tweede kwartaal van 1991 afgeneem, maar effens met 0,2 persent in die derde kwartaal herstel. Die werkverskaffing deur die openbare owerhede was gedurende die eerste nege maande van 1991 derhalwe 1,5 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar. Hierdie styging was hoofsaaklik toe te skryf aan toenames in die polisiemag, onderwysers betrokke in die onderwys van swart kinders en die personeel van die korrektiewe dienste.

Die betreklik geringe vraag na arbeid kom ook na vore uit die aantal oortydure wat in die fabriekswese en konstruksiesektor gewerk is. Die verhouding van oortydure tot gewone ure gewerk in die fabriekswese het in agt opeenvolgende kwartale van die derde


kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1991 afgeneem; daarna het dit in die derde kwartaal toegeneem. Die verandering in hierdie verhouding vir die konstruksiebedryf van die tweede kwartaal van 1989 tot die vierde kwartaal van 1990 is deur skommelings rondom 'n afwaartse neiging gekenmerk. Dit het in 1991 tot in die derde kwartaal rondom 'n relatief hoër vlak gewissel.

Die seisoensaangesuiwerde totale aantal geregistreerde werkloos het van 'n laagtepunt van 111 200 in November 1988 tot 288 300 in Julie 1991 toegeneem, voordat dit tot 211 700 in September teruggesak het. Soos reeds in vorige oorsigte aangetoon is, het die aantal geregistreerde werklose persone aansienlik in Julie 1990 tot 'n hoër vlak toegeneem as gevolg van die ingebruikneming van 'n nuwe metode om die aantal werkloos te bepaal.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die koers van toename in die gemiddelde nominale bedrag van salarisse en lone per werker in die sektore buite die landbou het van 18,0 persent in 1989 tot 17,0 persent in 1990 en 16,0 persent in die eerste drie kwartale van 1991 (vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1990) afgeneem. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale salarisse en lone per werker in die sektore buite die land-

Gemiddelde nominale vergoeding per werker in nie-landbousektore



bou het van die eerste kwartaal van 1989 tot in die eerste kwartaal van 1991 betreklik hoog gebly; dit het daarna egter van 18,5 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot slegs 13,5 persent in die tweede kwartaal verlangsaam, maar toe weer tot 16,2 persent in die derde kwartaal gestyg.


Die koers van toename in die nominale salarisse en lone per werker in die *private sektor* het dwarsdeur die huidige afwaartse beweging in ekonomiese bedrywigheid op 'n hoë vlak gebly. Die koers van toename in die vergoeding per werker in die private sektor het inderdaad van 16,3 persent in 1989 tot 16,6 persent in 1990 toegeneem, en het daarna slegs effens tot 15,8 persent in die eerste drie kwartale van 1991 (vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1990) afgeneem. Na die verloop van tien kwartale van die huidige afwaartse beweging is die koers van toename in lone hoër as gedurende enige van die vorige afwaartse bewegings in die sewentiger- en tagtigerjare. Hierdie voortgesette hoë koerse van toename kan gedeeltelik toegeskryf word aan die pogings wat vakbonde aanwend om die nominale inkome van hul lede te verbeter sonder om hulle produktiwiteitsprestasie en die toenemende aantal werklose mense in aanmerking te neem.

Die toenames in die nominale salarisse en lone van persone wat deur die *openbare owerhede* in diens geneem is, het ook tot die buitensporig hoë toename in arbeidskoste bygedra. Die nominale loonkoste per werker van die openbare owerhede het teen nie minder nie as 21,9 persent in 1989 toegeneem, voordat die koers van toename tot 17,6 persent in 1990 en 15,9 persent in die eerste drie kwartale van 1991 (vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1990) verlangsaam het. Hierdie vinnige stygings in die nominale vergoeding van werknemers van die openbare owerhede is gedeeltelik veroorsaak deur aanpassings aan die vergoedingstrukture wat vir bepaalde kategorieë werknemers ingestel is.

In ooreenstemming met die stadiger groei van die gemiddelde nominale lone, het die koers van toename in die *reële loon* per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou ook van 2,9 persent in 1989 tot 2,3 persent in 1990 verlangsaam, maar het daarna vinniger tot 0,9 persent in die eerste drie kwartale van 1991 (vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1990) afgeneem. Die reële loon per werker het in die tweede kwartaal van 1991 vlugtig tot 1,3 persent onder sy vlak van die ooreenstemmende kwartaal van die vorige jaar gedaal. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële loon per werker het daarna weer tot 0,6 persent in die derde kwartaal toegeneem as gevolg van die versnelde toenames in die nominale lone van werknemers van die openbare owerhede en van die private sektor.

Gemeet volgens veranderings oor vier kwartale, het *arbeidsproduktiwiteit* in die derde kwartaal van

Arbeidsproduktiwiteit, vergoeding en eenheidskoste in die nie-landbousektore



1990 begin om toe te neem teen 'n koers van 1,1 persent. Dié koers van toename het in die daaropvolgende kwartale tot 1,7 persent in die tweede kwartaal van 1991 en tot 1,6 persent in die derde kwartaal versnel. Die verbetering in die reële produksie per werker was te wyte aan vermindering van die arbeidsmag wat vinniger plaasgevind het as die afnames in die omvang van die reële produksie van die ekonomie.

Die koers van toename in die *nominale arbeidseenheidskoste* het van 12,6 persent in 1988 tot 17,2 persent in 1989 versnel, maar het daarna tot 16,1 persent in 1990 en tot 14,2 persent in die eerste drie kwartale van 1991 (vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1990) afgeneem. Die koers van toename van jaar tot jaar in die *reële arbeidseenheidskoste* (gedefleer met die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) het van 1,4 persent in 1989 tot 0,9 persent in 1990 gedaal. Die reële arbeidseenheidskoste het in die eerste drie kwartale van 1991 (vergeleke met die eerste drie kwartale van 1990) feitlik onveranderd gebly.

Pryse

'n Duidelike dalende neiging kan in die koers van toename van die *produksieprysindeks* in 1991 waar-

geneem word. Gemeet oor *tydperke van twaalf maande*, het die koers van toename in hierdie indeks per saldo van 14,6 persent in November 1990 tot 7,9 persent in November 1991 en tot 8,6 persent in Desember gedaal. Dit was die eerste toenames van minder as tien persent in dié prysindeks sedert Oktober 1984. Die koers van toename van *jaar tot jaar* in die omvattende produksieprysindeks het derhalwe ook van 'n onlangse hoogtepunt van 15,2 persent in 1989 tot 12,0 persent in 1990 en tot 11,4 persent in 1991 afgeneem.

Die toename van *kwartaal tot kwartaal* in die produksieprysindeks het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 20,8 persent in die vierde kwartaal van 1990 tot slegs 3,2 persent in die tweede kwartaal van 1991 afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n daling in die pryse van ingevoerde olie en 'n laer koers van toename in die pryse van binnelands geproduseerde goedere. Daarná het hierdie koers van toename ietwat versnel tot 12,5 persent in die derde kwartaal van 1991, voordat dit weer tot 9,0 persent in die vierde kwartaal teruggesak het.

Die dalende neiging in die produksieprysinflasie kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die afwaartse neiging in die prysstygings van *ingevoerde goedere*, wat weer verband gehou het met die *matige* omvang van die afname in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand, die verlaging van die bo-belasting op ingevoerde goedere in Maart 1991, 'n daling in die pryse van ingevoerde petroleumprodukte, en betreklik bestendige prysvlakke in Suid-Afrika se vernaamste handelsvennootlande. Die koers van toename in die pryse van ingevoerde goedere oor *tydperke van twaalf maande* het van 'n hoogtepunt van 19,1 persent in November 1990 tot slegs 4,9 persent in Oktober 1991 afgeneem; die pryse van ingevoerde goedere het daarna met 2,0 persent in November gedaal, voordat dit weer met 1,9 persent in Desember gestyg het. Die koers van toename van *kwartaal tot kwartaal* in die pryse van ingevoerde goedere het ook van 'n ongekende hoë seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 53,8 persent in die vierde kwartaal van 1990 tot 'n negatiewe koers van 14,0 persent in die tweede kwartaal van 1991 verander. Hierdie groot afname was hoofsaaklik die gevolg van die daling in ruoliepryse ná die einde van die oorlog in die Persiese Golf, sowel as die verlaging van die bo-belasting op ingevoerde goedere. Die pryse van ingevoerde goedere het daarná in die daaropvolgende twee kwartale weer teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 10,9 en 5,1 persent toegeneem.

Die koers van toename in die pryse van *binnelands geproduseerde goedere* oor *tydperke van twaalf maande* het van 'n onlangse laagtepunt van 11,2 persent in Maart 1990 tot 13,9 persent in Maart 1991 toegeneem; hierdie koers het daarná rondom 'n vlak van 12 persent tot in Oktober gewissel, maar het tot 10,3 en 10,2 persent in die laaste twee maande

van die jaar afgeneem.


Die koers van toename van *kwartaal tot kwartaal* in die pryse van binnelands geproduseerde goedere het ook van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 14,7 persent in die vierde kwartaal van 1990 tot 8,2 persent in die tweede kwartaal van 1991 afgeneem; dit het daarná tot 12,0 persent in die derde kwartaal versnel, voordat dit weer tot 10,3 persent in die vierde kwartaal afgeneem het. Die verdere daling in die vierde kwartaal van 1991 is bereik ten spyte van die voortgesette groot stygings in die pryse van voedsel en 'n merkbaar hoër koers van toename in die pryse van alkoholiese drank en tabak.

In teenstelling met die dalende neiging van die toenames in die produksiepryse, het die koers van toename in die *verbruikersprysindeks* betreklik hoog gebly. Die koers van toename van *jaar tot jaar* in die verbruikersprysindeks het inderdaad marginaal van 14,4 persent in 1990 tot 15,3 persent in 1991 versnel.

Die koerse van toename van hierdie prysindeks oor *tydperke van twaalf maande* het in Augustus 1990 begin versnel – nog voor die uitbreek van die oorlog in die Persiese Golf – en het tussen 14 en 16 persent in die daaropvolgende maande tot in September 1991 gewissel. In Oktober het dit as gevolg van die instelling van die belasting op toegevoegde waarde skerp tot 16,8 persent versnel; dit het daarná weer tot 15,5 persent in November afgeneem, maar tot 16,2 persent in Desember 1991 en Januarie 1992 gestyg.

Die koers van toename van *kwartaal tot kwartaal* in die verbruikersprysindeks het ook van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 13,5 persent in die

Verbruikerspryse



tweede sowel as die derde kwartaal van 1990 tot koerse van 16,7 en 18,4 persent in die derde en vierde kwartaal van 1991 versnel. Soos reeds in vorige kwartaaloorsigte aangetoon, is die stygende neiging in die toenames van hierdie prysindeks weer eens deur hoë en stygende koerse van toename in die pryse van verbruikersgoedere veroorsaak. Die koerse van toename in die pryse van verbruikersdienste het in die eerste drie kwartale van 1991 afgeneem, maar het daarna in die vierde kwartaal skerp versnel as gevolg van die instelling van die belasting op toegevoegde waarde.

Verskeie faktore het tot die hardnekkige hoë koerse van toename in verbruikerspryse gedurende die afgelope jaar bygedra, onder andere die volgende:

- Die verbruikerspryse van voedsel het van die begin van 1989 tot in Januarie 1992 teen hoë en selfs versnellende koerse toegeneem. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die verbruikerspryse van voedsel het van 8,1 persent in April 1989 tot 27,7 persent in Desember 1991 en 25,8 persent in Januarie 1992 toegeneem.

- Die instelling van die belasting op toegevoegde waarde op 30 September 1991 het tot 'n betekenisvolle eenmalige styging in die vlak van die pryse van verbruikersgoedere sowel as -dienste aanleiding gegee.

- Die voortgesette hoë koers van toename in die nominale vergoeding per werker in die formele sektore van die ekonomie het tot in die derde kwartaal van 1991 voortgeduur ten spyte van verswakende ekonomiese omstandighede. Saam met die klein toenames in arbeidsproduktiwiteit het dit opwaartse druk op sakeondernemings se koste en pryse geplaas.

- Die waargenome veranderings in die omvattende verbruikersprysindeks het die inflasieverwagtings versterk wat tydens prys- en loonbepalingsbesluite in berekening gebring word.


Betalingsbalans en wisselkoerse

Lopende rekening


Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het gedurende die loop van 1991 aansienlik verbeter. Nadat dit in die eerste kwartaal van 1991 die lae syfer van R1,5 miljard (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) bereik het vanweë buitengewone omstandighede op daardie tydstip (wat reeds breedvoerig in vorige uitgawes van die *Kwartaalblad* bespreek is), het die oorskot op die lopende rekening aanvanklik tot R6,2 miljard in die tweede kwartaal gestyg – dit wil sê tot bykans die gemiddelde vlak van 1990. Daarna het dit egter verder tot R9,7 miljard in die derde kwartaal van 1991 en tot R12,3 miljard in die vierde kwartaal toegeneem. Vir 1991 in sy geheel, het die oorskot op die lopende rekening R7,4 miljard beloop; dit het die kumulatiewe oorskot gedurende die afgelope sewe jaar op nie minder nie as R36,2 miljard of 2,5 persent van die bruto binnelandse produk te staan gebring.

Die skerp stygende neiging in die oorskot op die lopende rekening gedurende 1991 het hoofsaaklik met die verdieping van die resessie in die Suid-

Betalingsbalans



Uitvoer van vervaardigde goedere



Afrikaanse ekonomie verband gehou, wat tot 'n skerp daling in die goedere-invoer gedurende die jaar aanleiding gegee het. Die besondere hoë oorskot op die lopende rekening in die vierde kwartaal van 1991 was derhalwe ook hoofsaaklik te danke aan laer invoer en hoër netto gouduitvoer, wat meer as vergoed het vir 'n daling in die waarde van die goedere-uitvoer en 'n styging in die netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners. Vir die jaar in sy geheel, het die waarde van die goedere-invoer egter nogtans met 9 persent toegeneem; die hoër oorskot vir die kalenderjaar 1991 was derhalwe die gevolg van hoër goedere- en netto gouduitvoer en laer netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners.

Die waarde van die *goedere-uitvoer*, wat in die derde kwartaal van 1991 tot 'n nuwe rekordhoogtepunt van R48,6 miljard (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) gevorder het, het in die vierde kwartaal met 2½ persent teruggesak. Hierdie daling in die uitvoer is deur 'n afname van 3½ persent in die hoeveelhede van die uitvoer veroorsaak, terwyl uitvoerpryse met 1 persent gestyg het. Vir 1991 in sy geheel het die totale waarde van die goedere-uitvoer egter met 8½ persent en die hoeveelhede met 3½ persent toegeneem. Alhoewel internasionale grondstofpryse betitel in VSA-dollar met 12½ persent gedaal het, het die Suid-Afrikaanse uitvoerpryse gedurende die jaar met 4½ persent toegeneem, as 'n


weerspieëling van die daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand en 'n dalende aandeel van grondstowwe in die totale uitvoer.

Vir die tweede opeenvolgende jaar was 'n aansienlike uitbreiding in die uitvoer van vervaardigde produkte hoofsaaklik vir die goeie uitvoerprestasie verantwoordelik. Die uitvoer van vervaardigde produkte het in 1991 met 21 persent gestyg, ná 'n toename van 19½ persent in die vorige jaar. As 'n persentasie van die totale goedere-uitvoer, het vervaardigde produkte nou hul aandeel gedurende die afgelope vier jaar bestendig van 13½ persent in 1987 tot 18½ persent in 1991 verhoog – 'n aanduiding dat die vlak van die wisselkoers van die rand steeds Suid-Afrikaanse uitvoerders in staat stel om suksesvol in internasionale markte mee te ding. Die voortgesette goeie vertoning van die uitvoer van vervaardigde goedere is waarskynlik ook 'n weerspieëling van die lae vlak van die binnelandse vraag wat vervaardigers verplig om ander afsetgebiede vir hul goedere te soek.

Die waarde van die *netto gouduitvoer* (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het ook voortgegaan om van R17,3 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R21,2 miljard in die vierde kwartaal te styg, hoofsaaklik vanweë 'n styging in die goudeprys. Die gemiddelde prys vir die Suid-Afrikaanse gouduitvoer het in 1991 met 7 persent gestyg, dit wil sê teen 'n aansienlik hoër koers as die toename in die gemiddelde Londense vasstellingsprys van goud wat in rand van R992 per fyn ons in 1990 tot R1 000 per fyn ons in 1991, of met slegs 0,8 persent, toegeneem het. Hierdie hoër prys vir die Suid-Afrikaanse gouduitvoer kan toegeskryf word aan termynverkope wat teen gunstige voorwaardes aangegaan is. Die hoeveelhede van die netto gouduitvoer het in 1991 ook tot die styging in die waarde van hierdie uitvoer bygedra. 'n Toename van 1½ persent is in 1991 in die fisiese omvang van netto gouduitvoer aangeteken, hoofsaaklik as 'n weerspieëling van 'n toename in die graad van die erts wat vergruis is van 5,0 gram per ton in 1990 tot 5,2 gram per ton in 1991.

Nadat die waarde van die *goedere-invoer* (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers) in die tweede kwartaal van 1991 tot 'n hoogtepunt van R50,2 miljard gestyg het, het dit in die derde kwartaal effens tot R49,1 miljard en in die vierde kwartaal meer betekenisvol tot R45,9 miljard gedaal. Die verdere daling in die goedere-invoer in die vierde kwartaal van 1991 het taamlik wydverspreid voorgekom, maar aanmerklike dalings is in die klasse mineraalprodukte, chemiese produkte, papier en papierprodukte en tekstielware aangeteken. Hierdie afnames het hoofsaaklik in die hoeveelhede van ingevoerde goedere voorgekom, terwyl invoerpryse in die vierde kwartaal met 1 persent gestyg het. Gedurende 1991 in sy geheel het die hoeveelhede en die pryse van die

Netto dienste- en oordragbetalings as persentasie van bruto binnelandse produk



goedere-invoer met onderskeidelik 3½ persent en 5½ persent gestyg.

Ten spyte van 'n toename in die *netto dienste- en oordragbetalings* aan nie-inwoners van die derde tot die vierde kwartaal van 1991, het hierdie betalings van R10,6 miljard in 1990 tot R9,9 miljard in 1991 in sy geheel afgeneem – die tweede opeenvolgende jaarlikse daling. As 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het die *netto dienste- en oordragbetalings* aan nie-inwoners bowendien vir vyf

agtereenvolgende jare van 6½ persent in 1986 tot 4 persent in 1990 en 3½ persent in 1991 afgeneem. Laer rentebetalings aan buitelanders, wat die daling in Suid-Afrika se buitelandse skuld weerspieël het, was hoofsaaklik vir hierdie dalende neiging verantwoordelik. Die rentekosteverhouding het derhalwe van 10½ persent in 1985 tot 6 persent in 1991 afgeneem. In 1991 was die verdere daling in die absolute waarde van die *netto dienste- en oordragbetalings* aan nie-inwoners die gevolg van hoër dienste-ontvangstes, veral hoër ontvangstes op vervoer- en toeristedienste en op beleggings in ander lande; die waarde van die dienstebetalings het nie verder gestyg nie maar op omtrent die vlak van die vorige jaar gebly.

Kapitaalrekening

'n Beduidende verdere verbetering is ook op die kapitaalrekening van Suid-Afrika se betalingsbalans gedurende die eerste drie kwartale van 1991 aangeteken. Die *totale* uitvloeiing van kapitaal wat nie aan reserwes verwant is nie, het van 'n gemiddelde jaarlikse vlak van ongeveer R5 miljard in die tydperk 1985 tot 1989, tot R2,9 miljard in 1990 en tot slegs R1,4 miljard in die eerste nege maande van 1991 gedaal. In die lig van hierdie verbetering het die Reserwebank op 16 September 1991 die kwotering beëindig van voorkeurkoerse op termyndekkings-transaksies wat aan die einde van 1988 ingestel is met die doel om buitelandse handelsfinansiering aan te moedig. Grotendeels vanweë hierdie verandering en ook as gevolg van die praktyk wat deur sommige buitelandse banke gevolg word om hul uitstaande bates teenoor nie-inwoners aan die einde van hul finansiële jare te verminder, is 'n netto

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1990				1991	
	Jaar	1ste kw	2de kw	3de kw	4de kw	Jaar
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede	-1 160	-167	116	-398	346	-103
Openbare korporasies.....	890	188	345	-183	-20	330
Privaatsektor	-1 675	-604	-787	-774	-768	-2 933
Totale langtermynkapitaal	-1 945	-583	-326	-1 355	-442	-2 706
Korttermyn kapitaal, insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes	-929	1 362	-1 748	1 258	-4 217	-3 345
Totale kapitaalbewegings, uitsluitende laste verwant aan reserwes	-2874	779	-2 074	-97	-4 659	-6 051


uitvloeiing van kapitaal van nie minder nie as R4,6 miljard in die vierde kwartaal van 1991 aangeteken. Dit het die totale uitvloeiing van kapitaal wat nie aan reserwes verwant is nie vir die kalenderjaar 1991 op R6,1 miljard en vir die tydperk 1985 tot 1991 op R35,7 miljard te staan gebring.

Die aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal in die vierde kwartaal van 1991 het hoofsaaklik die vorm aangeneem van 'n vermindering in die buitelandse korttermynlaste van Suid-Afrika wat met buitelandse handelsfinansiering verband gehou het. Gevolglik het die netto invloeiing van *korttermynkapitaal* (met die insluiting van onaangetekende transaksies, maar met die uitsluiting van laste verwant aan reserwes) van R1,3 miljard in die derde kwartaal van 1991 in 'n netto uitvloeiing van R4,2 miljard in die vierde kwartaal verander. Saam met die hoër koste van termyndekking wat die binne-landse finansiering van buitelandse handel aange- moedig het, was hierdie uitvloeiing in die vierde kwartaal ook gedeeltelik verwant aan die daling in die waarde van die goedere-invoer. Vir 1991 in sy geheel het die uitvloeiing van korttermynkapitaal R3,3 miljard beloop, vergeleke met 'n netto uit- vloeiing van slegs R0,9 miljard in 1990. Voorlopige inligting dui daarop dat hierdie uitvloeiing van kort- termynkapitaal gedurende die begin van 1992 weer omgeswaai het en dat daar weer 'n invloeiing in Januarie plaasgevind het.

Die uitvloeiing van *langtermynkapitaal* het van R1,4 miljard in die derde kwartaal van 1991 tot slegs R0,4 miljard in die vierde kwartaal gedaal, hoofsaak- lik vanweë die openbare leningsuitgifte van DM400 miljoen in Oktober 1991; DM217 miljoen van hierdie lening is aangewend om 'n bestaande lening wat in Desember 1991 verval het, af te los. Twee verdere leningsuitgiftes is suksesvol in Januarie en Februarie 1992 in die Europese kapitaalmarkte van stapel gestuur: 'n openbare uitgifte van ECU400 miljoen en 'n uitgifte van die Ontwikkelingsbank van Suider Afrika van DM200 miljoen.

'n Aansienlike verdere uitvloeiing van langter- mynkapitaal van die private sektor het weer in die vierde kwartaal van 1991 voorgekom. Die netto uitvloeiing van kapitaal van die private sektor in 1991 in sy geheel het derhalwe op 'n totaal van R2,9 miljard te staan gekom. Die grootste deel van hierdie gemete uitvloeiing was egter vanweë netto verkope van R2,1 miljard deur nie-inwoners van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is; hierdie transaksies verteenwoordig nie 'n verlies aan bruto buitelandse valutareserwes nie maar word ingevolge die finansiële-randstelsel wat in Suid- Afrika van toepassing is, deur ooreenstemmende invloeiinge in ander poste van die kapitaalrekening geneutraliseer. Finansiële-randdeposito's van nie- inwoners by gemagtigde valutahandelaars het as gevolg van hierdie transaksies veral skerp gestyg.

Invoerdekking van bruto buitelandse reserwes



Buitelandse reserwes


Alhoewel die aansienlike netto uitvloeiing van kapi- taal gedurende die vierde kwartaal van 1991 'n afna- me van R1,6 miljard in die *netto goud- en ander buitelandse reserwes* tot gevolg gehad het, het Suid- Afrika se netto buitelandse reserwes nogtans in die kalenderjaar 1991 met R1,4 miljard toegeneem. In 1990 het die netto buitelandse reserwes van die land met R2,9 miljard gestyg. Die totale toename in die netto buitelandse reserwes oor die afgelope twee jaar het derhalwe R4,3 miljard beloop.

Nadat 'n toename in laste verwant aan reserwes wat deur waardasie-aansuiwerings geneutraliseer is, in aanmerking geneem is, het Suid-Afrika se totale *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* in 1991 met R2,5 miljard tot 'n vlak van R9,8 miljard aan die einde van Desember toegeneem. Hierdie vlak van die bruto reserwes is effens minder as die waarde van twee maande se invoer van goedere en dienste. Die bruto reserwes van die Reserwebank, wat in Desember 1991 met R0,9 miljard gedaal het, het in Januarie 1992 meer as ten volle met R1,2 miljard tot R9,4 miljard aan die einde van die maand herstel. Die goudreserwes van die Reserwebank het gedurende 1991 veral skerp gestyg van 4,1 miljoen fyn onse aan die begin van die jaar tot 6,5 miljoen fyn onse aan die einde van die jaar.

Wisselkoerse

Die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand het gedurende 1991 geleidelik met 6% persent gedaal, vergeleke met 7 persent gedurende 1990. Die verdere daling in die gemiddelde geweege wisselkoers van die rand het teenoor al die belangrikste geldeenhede

Wisselkoerse



nominale effektiewe wisselkoers van die rand van die einde van Desember 1991 tot aan die einde van Februarie 1992.

Die daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand gedurende 1991 was effens meer as voldoende om die verskil in die inflasiekoerse tussen Suid-Afrika en sy belangrikste handelsvennootlande teen te werk; die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand was in Desember 1991 derhalwe slegs 0,1 persent onder sy vlak in Desember 1990.

Die *finansiële rand*, wat van die einde van 1990 begin het om skerp te appresieer, het op 19 November 1991 'n rekord lae diskonto teenoor die kommersiële rand van slegs 7 persent bereik. Dit het daarna weer begin depresseer tot 'n koers van R3,43 per dollar, of teen 'n diskonto van 18,1 persent, aan die einde van Januarie 1992. Gedurende Februarie het die finansiële rand verder skerp teruggesak vanweë onsekerhede wat ontstaan het oor die belasbaarheid van die inkomste van nie-inwoners afkomstig vanaf plaaslike bronne. Op 29 Februarie 1992 het die diskonto van die finansiële rand derhalwe op 24,9 persent te staan gekom.

plaasgevind. Die rand het veral aansienlik teenoor die Japanse jen gedurende 1991 gedeprimeer in die lig van die relatiewe sterkte van hierdie geldeenheid in die internasionale markte. Gedurende die eerste twee maande van 1992 het die dollar skerp geappresieer, met die gevolg dat die rand teenoor die dollar gedeprimeer het maar teenoor bykans al die ander belangrikste geldeenhede geappresieer het. Die netto gevolg van hierdie ontwikkelings in wisselkoerse was 'n klein afname van 0,6 persent in die

Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	30 Jun 1991 tot 30 Sep 1991	30 Sep 1991 tot 31 Des 1991	31 Des 1990 tot 31 Des 1991	31 Des 1991 tot 28 Feb 1992
Geweegde gemiddelde	-0,7	-1,8	-6,3	-0,6
VSA-dollar	2,9	2,3	-6,6	-3,8
Britse pond	-4,0	-4,4	-4,2	2,1
Duitse mark	-4,8	-6,8	-5,4	3,7
Japanse jen	-1,2	-3,4	-13,2	-0,9
Nederlandse gulden	-4,8	-6,7	-5,1	3,5
Italiaanse lire	-4,3	-5,6	-4,6	2,7
Finansiële rand	5,3	-0,6	6,7	-16,5

Finansiële markte


Geldvoorraad

Die groei in die geldvoorraad het in die vierde kwartaal van 1991 verder afgeneem. Die koers van toename in die omvattend gedefinieerde geldvoorraad (M3) het oor tydperke van twaalf maande van 'n hoogtepunt van 27,5 persent in Augustus 1988 tot 10,2 persent in Januarie 1991 afgeneem; dit het daarna weer tot 15,9 persent in Februarie toegeneem en tot November rondom hierdie hoër vlak gewissel, voordat dit tot 12,7 persent in Desember 1991 afgeneem het. In Januarie 1992 het dit weer tot 'n voorlopig geraamde 14,7 persent gestyg. Soos reeds in vorige uitgawes van die *Kwartaalblad* aangedui is, is hierdie verskuiwing in die groei van M3 tot hoër vlakke hoofsaaklik teweeggebring deur die regulatiese veranderinge kragtens die Wet op Depositone-mende Instellings, wat op 1 Februarie 1991 in werking getree het, en wat tot die omskakeling van buite-balansstaatposte terug op die balansstate van hierdie instellings gelei het.

Indien voorsiening gemaak word vir die ver-wrings wat deur hierdie regulatiese verande-rings veroorsaak is, het die *onderliggende groei in M3* gedurende die vierde kwartaal van 1991 en in Januarie 1992 voortdurend verlangsaam: die groei-koers in M3, seisoensangesuiwerd en teen 'n jaar-koers bereken, het van die einde van Februarie 1991 tot die einde van Januarie 1992 slegs 9,7 persent beloop. Hierdie verdere verlangsaaming in die groei van die geldvoorraad was hoofsaaklik 'n weer-spieëling van die lae vlak van ekonomiese bedry-wigheid in die binnelandse ekonomie wat ten spyte van 'n voortgesette hoë vlak van binnelandse inflasie tot 'n afname in die vraag na geld gelei het. 'n Ver-wagte verlaging in rentekoerse het moontlik ook markdeelnemers se likwiditeitsvoorkeur verminder en tot aanpassings in hul portefeuljes van finansiële bates aanleiding gegee.

Die herintermediasie wat deur die regulatiese veranderinge teweeggebring is, was ook vir die ommeswaai in die stygende neiging van die *inkome-omloopsnelheid* van die omvattend gedefinieerde geldvoorraad verantwoordelik. Nadat dit met 2 persent van die eerste kwartaal van 1990 tot die vierde kwartaal van 1990 gestyg het, het die *inkome-omloopsnelheid* van M3 in die tweede kwartaal van 1991 tot die laagste vlak (slegs 1,67) gedurende die afgelope twaalf jaar afgeneem. Dit het daarna matig gedurende die tweede helfte van 1991 tot 'n vlak (1,72) tydens die vierde kwartaal toegeneem wat ongeveer 3 persent bo die trog in die tweede kwartaal van 1991 was, onder meer as gevolg van her-nieuwe disintermediasie namate die gaping tussen die banke se uitleen-/depositokoerse ietwat vergroot het.

Monetêre totale



In teenstelling met die dalende neiging in die groei van die omvattend gedefinieerde geldvoorraad, het die koerse van toename in die *enger monetêre groothede* betreklik vinnig in die eerste nege maande van 1991 toegeneem wat hoofsaaklik aan tegniese faktore verwant aan die nuwe regulasies toegeskryf word, maar gedurende die laaste paar maande van die jaar skerp afgeneem: die groeiakoerse van M1 en M2 oor tydperke van twaalf maande, wat onderskeidelik skerp met 24,4 persent en 22,9 persent tot aan die einde van September toegeneem het, het tot 14,8 en 16,1 persent in Desember 1991 teruggesak; die ooreenstemmende groeiakoerse in M1A het insgelyks afwaarts gewissel van 'n hoogtepunt van 29,6 persent in Augustus 1991 tot 17,7 persent aan die einde van Desember.


Die *belangrikste teenhangers* (uit 'n rekenkundige standpunt gesien) van die toename in M3 gedurende die vierde kwartaal was die toenames in monetêre instellings se eise teen die private sektor en in "netto ander bates". Die seisoensaangesuiwerde toename van M3 het gedurende die vierde kwartaal van 1991 R2,1 miljard bedra en die ooreenstemmende toenames in kredietverlening aan die private sektor en in netto ander bates het onderskeidelik R1,5 miljard en R1,6 miljard beloop. Die netto eise van monetêre instellings teen die regeringsektor het ook met R0,6 miljard toegeneem, terwyl die netto goud- en ander buitelandse reserwes met R1,6 miljard afgeneem het.

Die 1991-"riglynjaar"

Die Reserwebank het *riglyne vir die groei in M3* op 8 Maart 1991 aangekondig. Hierdie riglyne het 'n onderste perk van 8 persent en 'n boonste perk van 12 persent vir die groei in M3 van die vierde kwartaal van 1990 tot die vierde kwartaal van 1991 gestel – 3 persentasiepunte laer as die riglynperke van 11 tot 15 persent wat in die 1990-riglynjaar van toepassing was. Dit het die monetêre owerhede se volgehoue strewe na finansiële stabiliteit met die bekamping van inflasie deur die beperking van die groei in die geldvoorraad aangedui.

Daar is geglo dat hierdie riglyne versoenbaar was met 'n vooruitgeskatte lae groei in die reële bruto binnelandse produk, 'n aansienlike oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans, en 'n geleidelike verstewiging van die amptelike goud- en ander buitelandse reserwes. Daar was ook geglo dat dit met 'n betekenisvolle vermindering in die inflasiekoerse strook en 'n klein afwaartse aanpassing van 1 persentasiepunt in die Bankkoerse van 18 tot 17 persent vanaf 11 Maart 1991 toegelaat het. Om hierdie verlangde resultate te bereik, is die Bankkoerse teen hierdie effens laer vlak vir die oorblywende gedeelte van die riglynjaar gehandhaaf. Bowendien is opemarktransaksies en ander geldmarkoptredes gebruik om voldoende vlakke van akkommodasie by die diskontovenster te verseker om die monetêre

Riglyne vir groei in M3



owerhede se redelik beperkende beleid te ondersteun.

Die *groeiakoerse in die geldvoorraad* het aanvanklik gedurende die riglynjaar in die riglyngebied gebly, maar met die instelling van die nuwe regulatoriese verandering in Februarie 1991 het dit skerp toegeneem tot 5,0 persent bó die boonste perk van die sogenaamde "kegel". Gedurende die res van die jaar het M3 voortgegaan om teen 'n koers aanmerklik hoër as die riglyne uit te brei, alhoewel dit in Desember aansienlik tot slegs 1,4 persent bo die boonste perk afgeneem het. Desnieteenstaande het M3 van die vierde kwartaal van 1990 tot die vierde kwartaal van 1991 steeds met 14,8 persent toegeneem. Soos egter reeds aangedui is, was die onderliggende groeiakoerse in M3 gedurende 1991 redelik besadig. Hierdie aangesuiwerde groeiakoerse was effens laer as die onderste grens van die riglynperke.

Op 'n *kwartaallikse grondslag*, het die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die gemiddelde waarde van M3 (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) van 24,0 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot 7,3 persent in die derde kwartaal verlangsaam; dit het daarna ietwat versnel tot 8,5 persent in die Desember-kwartaal – 'n koers slegs effens hoër as die onderste perk van die riglynsone.

In die *statistiese of rekeningkundige* sin is die

toename van R20,6 miljard in M3 van die einde van Desember 1990 tot die einde van Desember 1991 meer as ten volle verklaar deur 'n styging van R24,3 miljard in die eise van die monetêre instellings teen die binnelandse private sektor. Die monetêre stelsel se besit aan netto goud- en ander buitelandse valutareserwes het ook met R1,4 miljard in dieselfde tydperk toegeneem. In teenstelling met hierdie positiewe bydraes tot die groei in die geldvoorraad, het die monetêre instellings se netto eise teen die regeringsektor met R2,2 miljard en hul netto ander bates met R2,9 miljard afgeneem.

Alles inaggenome, was die monetêre owerhede derhalwe in staat om die groei in die geldvoorraad tot betreklik bevredigende vlakke te beperk ten einde die beperkende monetêre beleidsingesteldheid voort te sit. Hoewel die gunstige betalingsbalansposisie 'n verstewiging in die buitelandse reserwes tot gevolg gehad het en die handhawing van 'n stabiele reële effektiewe wisselkoers vergemaklik het, het sekere ander faktore die toepassing van minder streng finansiële maatreels verhoed. Die ooglopende en belangrikste rede waarom die Bankkoers nie verlaag kon word nie, was die hardnekkige hoë vlak van inflasie soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks. Ten spyte van 'n aanmerklike toename in bruto buitelandse reserwes in 1991, was hierdie reserwes aan die einde van die jaar ook nog steeds heelwat laer as die "minimum veilige" vlak van sowat drie maande se invoere van goedere en dienste.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die groei in monetêre instellings se kredietverlening aan die binnelandse private sektor het aan die begin van 1991 aanvanklik gestyg, en toe in die laaste maand van die jaar aansienlik gedaal. Die vinniger groei in kredietverlening vroeg in 1991 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die regulasiewysigings onder die Wet op Depositonemende Instellings wat hierdie instellings genoop het om sekere bestaande buite-balansstaatbates weer op hul boeke te toon. Die koers van toename in krediet verleen aan die binnelandse private sektor gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, wat van 'n hoogtepunt van 29,2 persent in Oktober 1988 tot 12,8 persent in Januarie 1991 verlangsaam het, het gevolglik weer tot 18,7 persent in Februarie gestyg; dit het daarna rondom hierdie hoë vlak vir die res van die jaar gewissel, voordat dit aansienlik tot 14,5 persent in Desember 1991 gedaal het.


Van die einde van Februarie 1991 (die maand waarin die nuwe regulasies in werking getree het) tot die einde van Desember het die groei in monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) op slegs 10,7 persent te staan gekom, dit wil sê aansienlik laer as die inflasiekoers. Hierdie stadiger groei in

kredietverlening deur monetêre instellings is waarskynlik grotendeels verwant aan 'n laer vraag na krediet, wat die algemene neerdrukkende omstandighede in die ekonomie sowel as die invloed van positiewe reële rentekoerse weerspieël het. Sekere monetêre instellings het ook minder tegemoetkoming begin raak ten opsigte van verdere kredietverlening aan sommige kliënte en het hul minder daarop toegespits om hul totale bates te verhoog en eerder om die kwaliteit van hulle kredietverlening te verbeter.

'n Ontleding van die monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor volgens die soort krediet verleen, toon dat die koers van toename oor twaalf maande van *huurkoopkrediet* skerp gedaal het van 15,7 persent in Desember 1990 tot slegs 7,2 persent in Desember 1991. Die koers van toename in sogenaamde "*ander lenings en voorskotte*" (hoofsaaklik oortrokke rekeninge) het oor dieselfde tydperk effens van 12,8 persent tot 12,7 afgeneem. Beide hierdie betreklik lae koerse van toename weerspieël waarskynlik 'n laer vraag na krediet wat vir die aanskaffing van duursame verbruiksgoedere aangewend word; dit was egter ook gedeeltelik die gevolg van 'n verskuiwing na verbandfinansiering deur leners.

Die koers van toename in monetêre instellings se *verbandvoorskotte* het voortgegaan om in 1991 skerp

Kredietverlening aan die private sektor




te styg. Oor 'n tydperk van twaalf maande het die groei in hierdie voorskotte van 14,7 persent in Desember 1990 tot 17,5 persent in September 1991 en 18,0 persent in Desember toegeneem. Hierdie groeikoerse in verbandvoorskotte wat aansienlik hoër as die inflasiekoers is, is waarskynlik gedeeltelik 'n aanduiding van die stadiger terugbetaling van kapitaal as gevolg van stram finansiële toestande en 'n toename in die waarde van transaksies in vaste eiendom. Meer belangrik egter, weerspieël dit die toenemende gebruikmaking deur huiseienaars (wie se eiendom met verloop van tyd in waarde toegeneem het) van hierdie kredietfasiliteit om verbruiksbesteding te finansier. Die relatiewe koste van hierdie tipe finansiering en in sommige gevalle ook die buigzaamheid van terugbetalings, het hierdie vorm van finansiering aantrekliker gemaak vir leners as ander soorte voorskotte wat deur monetêre instellings verskaf word. Terselfdertyd het die laer kapitaalvereistes op verbandvoorskotte sommige banke aangespoor om hierdie soort van kredietverlening te bevorder.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het monetêre instellings se *beleggings* in finansiële bates in werklikheid gedurende 1991 gedaal, terwyl die koers van toename in *wissels verdiskonteer* op nie minder nie as 28,4 persent te staan gekom het, waarskynlik gedeeltelik as gevolg van 'n aansienlike omskakeling gedurende die laaste kwartaal van 1991 vanaf buitelandse na binnelandse finansiering van internasionale handel (nadat die voorkeurtermynkoerse op sodanige transaksies in September gestaak is). Ten spyte van die trae vertoning van die vraag na duursame goedere gedurende 1991 het *bruikhuurfinansiering* steeds met 20,0 persent tussen Desember 1990 en Desember 1991 gestyg; dit dien as 'n gedeeltelike aanduiding van die mate waartoe sodanige krediet aangewend is vir die aankope van nywerheids-, handels- en kantoortoerusting van weë sekere belastingvoordele wat met hierdie vorm van finansiering verbind word.

Geldmarktoestande en Reserwebankoptrede in die geldmark

Die *geldmarktoestande* wat reeds tydens die laaste maande van 1990 merkbaar verruim het, het gedurende die verloop van 1991 relatief meer likwied geraak. Die gemiddelde daaglikse vlak van akkommodasie by die Reserwebank se diskontovenster het van R2,3 miljard in sowel Desember 1990 as in Januarie 1991 tot R1,4 miljard in April afgeneem; dit het daarna ietwat tot R2,2 miljard in Julie gestyg, voordat dit in September tot R1,4 miljard en in Desember tot R1,2 miljard gedaal het. Vroeg in 1992 het dit R1,3 miljard in Januarie en in Februarie bereik. Die gemiddelde daaglikse bedrag van

Akkommodasie by die diskontovenster



Monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor

	Des 1990 R miljarde	Des 1991 R miljarde	Verandering %
Beleggings.....	4,9	4,0	-18,4
Wissels verdiskonteer	10,2	13,1	28,4
Huurkoopkrediet	18,0	19,3	7,2
Bruikhuurfinansiering.....	11,0	13,2	20,0
Verbandvoorskotte	59,5	70,2	18,0
Ander lenings en voorskotte.....	64,7	72,9	12,7
Totale eise.....	168,3	192,7	14,5

akkommodasie gedurende 1991 was R1,8 miljard, wat R1,4 miljard laer was as die gemiddelde van R3,2 miljard wat gedurende 1990 aangeteken is. Die betreklik ruimer geldmarktoestande in 1991 word ook aangedui deur die feit dat slegs onbeduidende klein bedrae oornaglenings aan banke by uitsonderlike geleenthede gedurende die verloop van die jaar verleen is.

Hierdie ruimer toestande was die gesamentlike gevolg van 'n hele aantal faktore, met inbegrip van:

- 'n verbetering in die algehele betalingsbalansposisie wat veral gedurende die eerste nege maande van die jaar belangrik was;
- die infasering van 'n vermindering van bykans R1 miljard in die kontantreserwevereistes vir alle depositonemende instellings oor 'n tydperk van vier maande vanaf Februarie 1991; en
- die kumulatiewe tekorte wat die Reserwebank met die voorsiening van termynvalutadekking gedurende die laaste drie kwartale van 1991 aangeteken het.

Die Reserwebank se optrede in die geldmark om oortollige likwiditeit teen te werk, het hoofsaaklik uit die aanwending van valutaruiltransaksies met die groter bankinstellings en die uitreiking van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd bestaan. In Desember 1991 het die likwiditeit in die mark egter in so 'n mate afgeneem dat dit nie vir die Reserwebank nodig was om in te meng nie. Dit was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank van byna R1,8 miljard, 'n toename in note in omloop van sowat R1,4 miljard en 'n afname van R0,9 miljard in netto goud- en ander buitelandse reserwes. In die eerste twee maande van 1992 moes die Reserwebank weer eens stygende likwiditeit teenwerk. Gedurende Januarie 1992 het die Reserwebank spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd tot 'n maksimum uitstaande bedrag van R1,8 miljard uitgerek ten einde die likwiditeit op 'n korttermyngrondslag uit die mark te dreineer, terwyl dit in Februarie van beide valutaruiltransaksies en skatkiswissels met 'n kort looptyd tot 'n gesamentlike maksimum bedrag van R2,2 miljard gebruik gemaak het.

Die gemiddelde daaglikse vlak van regeringsdeposito's by die Reserwebank het ietwat in die laaste kwartaal van 1991 van R8,3 miljard in September 1991 tot R10,0 miljard in Desember gestyg. Hierdie deposito's het daarna verder tot R12,9 miljard in Januarie 1992 en tot R13,0 miljard in Februarie gestyg. Die gemiddelde daaglikse bedrag van note in omloop het aansienlik van R9,5 miljard in September 1991 tot R11,9 miljard in Desember gestyg; dit het daarna weer tot R10,1 miljard in Januarie 1992 en tot R9,9 miljard in Februarie teruggesak.

Netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het R11,6 miljard in 1991 bedra vergeleke met R8,0 miljard in 1990, terwyl die Bank se verhandeling van opsies in staatseffekte aansienlik van R9,0 miljard in 1990 tot R23,5 miljard in 1991 toegeneem het. Dit het meer diepte in die mark vir staatseffekte meegebring.

Geldmarkrentekoerse

Die baie geleidelike daling van die meeste geldmarkrentekoerse, wat reeds so vroeg as Februarie 1990 begin het, het dwarsdeur 1991 en die begin van 1992 voortgeduur. Dit word duidelik in die koers op likwiede bankaksepte van drie maande weerspieël wat van 'n gemiddelde waarde van 18,57 persent in Januarie 1990 tot 17,76 persent in Desember 1990 en 16,40 persent in Desember 1991 afgeneem het. Gedurende die begin van 1992 het hierdie koers verder tot 15,95 persent op 29 Februarie 1992 afgeneem. Teen hierdie vlak was die koers op likwiede bankaksepte van drie maande 1,55 persentasiepunte laer as die Reserwebank se herverdiskonteringskoers vir sodanige aksepte.

Soortgelyke bewegings is deur die meeste ander korttermynrentekoerse aangeteken, waaronder ook die termynkontrakkoers vir bankaksepte. Die strammer geldmarktoestande wat in Desember 1991 en weer aan die einde van Januarie 1992 ondervind is, het egter veroorsaak dat die daggeldkoerse tussen depositonemende instellings op 16,0 persent aan die

Korttermynrentekoerse



einde van sowel Desember 1991 as Januarie 1992 gebly het. Die verhoogde geldmarklikwiditeit het egter veroorsaak dat hierdie koers aan die einde van Februarie 1992 weer tot 15,75 persent afgeneem het.

Die *prima-uitleenkoers* aangepas vir die inflasie het eweneens afwaarts van ongeveer 6 persent in Januarie 1991 tot slegs 4 persent in September 1991 gewissel; dit het daarna tot 3½ persent in Oktober gedaal met die inwerkingtreëding van die belasting op toegevoegde waarde, voordat dit weer tot 4 persent in Desember toegeneem het. In vergelyking met die meeste van die nywerheidslande het die vlak van hierdie reële rentekoers betreklik laag gebly.

Kapitaalmarktgebeure

Die handelsbedrywigheid op die *sekondêre kapitaalmarkte* het gedurende die vierde kwartaal van 1991 matig afgeneem. Hierdie afname het in die volume van die bedrywigheid voorgekom, terwyl pryse op hierdie markte voortgegaan het om te styg of op 'n hoë vlak gebly het.

Die waarde van *effekte van die openbare sektor* wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het van R65,9 miljard in die derde kwartaal van 1991 tot R60,0 miljard in die vierde kwartaal terugesak – dit is naastenby gelyk aan die gemiddelde kwartaallikse vlak van 1990. Hierdie transaksies gedurende die vierde kwartaal van 1991 het die waarde van effekte van die openbare sektor ver-


handel op die effektebeurs vir die jaar in sy geheel op R249 miljard te staan gebring, wat 4 persent hoër was as die R239,4 miljard wat in 1990 aangeteken is. Die verhandeling van effekte van die openbare sektor is gedurende die vierde kwartaal van 1991 aansienlik deur bewegings in die opbrengskoers op langtermyn vaste-rentedraende effekte en normale seisoenale faktore beïnvloed: met die daling van die opbrengskoers van die middel van Oktober 1991, het die transaksies in die effekte van die openbare sektor in Oktober en November 1991 aansienlik toegeneem, om weer in Desember met die aanbreek van die vernaamste vakansieseisoen in die land af te neem. In Januarie 1992 het die waarde van hierdie transaksies weer skerp tot R27,6 miljard gestyg.

Die waarde van *aandele* wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, wat van R4,9 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R6,4 miljard in die derde kwartaal toegeneem het, het in die vierde kwartaal tot R4,9 miljard afgeneem. Die jaarlikse omset van aandele verhandel het derhalwe ook met 7 persent van R23,9 miljard in 1990 tot R22,2 miljard in 1991 gedaal. Die daling in die waarde van aandele verhandel in die vierde kwartaal was die gevolg van 'n verdere afname in die volume van aandele verhandel; die gemiddelde prys van aandele op die effektebeurs het verder verstewig. Die *aantal aandele verhandel* het bestendig van 281,2 miljoen in Junie 1991 tot slegs 139,9 miljoen in Desember afgeneem, voordat dit weer tot 155,7 miljoen in Januarie 1992 gestyg het. Hierdie toename met 'n gepaardgaande styging in aandelepryse, het die maandelikse waarde van aandele verhandel in Januarie 1992 op R1,9 miljard te staan gebring, vergeleke met 'n gemiddelde maandelikse waarde van R1,6 miljard in die vierde kwartaal van 1991.



Die maandelikse gemiddelde *prysvlak van alle klasse aandele* het in Januarie 1992 'n onoortroffe hoogtepunt bereik. Ná 'n afname van ongeveer 12 persent in 1990 en die bereiking van 'n onderste draaipunt in Januarie 1991, het die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele aansienlik met 37,1 persent in die twaalf maande tot Januarie 1992 verstewig. Hierdie skerp appresiasie in gemiddelde aandelewaardes was die gevolg van 'n aansienlike styging in die pryse van nywerheids- en handelsaandele met 51,6 persent en van finansiële aandele met 40,3 persent oor die twaalf maande tot Januarie 1992. Die pryse van mynaandele het gedurende dieselfde periode met 15,9 persent verstewig, ten spyte van die swak internasionale vraag na metale en minerale en die betreklik lae pryse op wêreldmarkte vir grondstowwe.

Die uitstekende vertoning van aandelepryse op die Johannesburgse Effektebeurs gedurende die gevorderde stadium van die afwaartse beweging in ekonomiese bedrywigheid kan waarskynlik aan 'n aantal faktore toegeskryf word, insluitende koepdruk

Effektebeurstransaksies



Aandele



deur instellings om prima-aandele te bekom; 'n skaarsheid aan kwaliteit waardepapier; 'n skerp toename in sommige van die aandelemarkte in die wêreld wat positiewe verwagtings aangaande verbeterde ekonomiese toestande in die wêreld weerspieël het; hoër binnelandse likwiditeit wat hoofsaaklik as gevolg van die beter algehele posisie van die betalingsbalans ontstaan het; en 'n verwagte daling in die Bankkoers en korttermynrentekoerse in

die algemeen.

Die prys/verdiensieverhouding van nywerheidsaandele in Suid-Afrika het hoofsaaklik as 'n gevolg van hierdie toename in aandelepryse van 8,18 in Oktober 1990 tot 13,45 in Januarie 1992 toegeneem – 'n toename ongeveer in ooreenstemming met sommige van die vernaamste effektebeurse van die wêreld. Aandelebeleggings as 'n verskansing teen inflasie het ook goed gevaar, met 'n toename in die prysindeks van alle klasse aandele wat hoër as die styging in die verbruikersprysindeks met bykans 10 persent van Desember 1990 tot Desember 1991 was.

Nie-inwoners het in die vierde kwartaal van 1991 aktiewe deelnemers op die Johannesburgse Effektebeurs gebly as netto aankopers van effekte van die openbare sektor en netto verkopers van aandele. Totale netto verkope van aandele deur nie-inwoners het R4,1 miljard in 1991 bedra (8 persent minder as in 1990), terwyl hulle effekte van die openbare sektor vir die netto bedrag van R2,0 miljard aangekoop het (38 persent meer as in 1990).

Betreklik lewendige toestande het gedurende die vierde kwartaal van 1991 in die *primêre kapitaalmarkte* geheers. Die gemiddelde kwartaallike bedrag aan fondse wat deur entiteite van die openbare sektor opgeneem is deur nuwe uitgiftes van *vaste-rentedraende effekte* aan beleggers in die private sektor uit te reik, het van R1,5 miljard in die eerste drie kwartale van 1991 tot nie minder nie as R4,9 miljard in die vierde kwartaal toegeneem. In die jaar 1991 het hierdie uitgiftes R9,3 miljard bedra, of 15 persent meer as die R8,1 miljard wat in 1990 aangeteken is.

Die bedrag aan fondse wat deur maatskappye in die *private sektor* deur middel van nuwe uitgiftes van *vaste-rentedraende effekte* met inbegrip van omskepbare voorkeuraandele en skuldbriewe opgeneem is, het egter van R967 miljoen in die derde kwartaal van 1991 tot R446 miljoen in die vierde kwartaal afgeneem. In die kalenderjaar 1991 was die waarde van hierdie uitgiftes teen R1,6 miljard, nietemin ver meer as die bedrag van R0,7 miljard in 1990. Hierdie skerp toename in befondsing – veral deur omskepbare skuldbriewe – om in kontantvloei-behoefte te voorsien, berus op die feit dat sulke skuldbriewe teen 'n laer koeponkoers as nie-omskepbare skuld aangebied word en dat daar geen onmiddellike invloed op netto verdienste is nie.

Die lewendige toestande op die effektebeurs en die betreklik hoë koste van geleende fondse het *aandelekapitaal* uitgiftes deur maatskappye as 'n wyse om fondse op te neem, begunstig. Regte uitgiftes voorsien ook relatiewe goedkoop finansiering en bied verligting aan 'n mark wat goeie gehalte aandele benodig. Die waarde van nuwe uitgiftes van gewone aandele deur genoteerde maatskappye in die private sektor het

derhalwe van 'n gemiddeld van R1,5 miljard in die tweede en die derde kwartaal van 1991 tot R2,6 miljard in die vierde kwartaal van 1991 toegeneem. Die waarde van hierdie uitgiftes op 'n jaarlikse basis het van R4,5 miljard in 1990 tot R6,0 miljard in 1991 toegeneem. Indien die aantal uitgiftes van gewone aandele wat reeds vir 1992 beplan word in aanmerking geneem word, kan dit 'n rekord jaar vir sulke uitgiftes word.

Die waarde van *transaksies in vaste eiendom* het met 18 persent van R24,6 miljard in 1990 tot R29,1 miljard in 1991 gegroei; dit was die gesamenlike resultaat van toenames van 13 persent in die aantal transaksies en van 5 persent in die gemiddelde waarde per transaksie. Met inflasie en boukoste wat teen heelwat hoër koerse toeneem, moes daar meer van kleiner eenhede gebruik gemaak word. Op 'n kwartaallikse basis het die waarde van transaksies in vaste eiendom 'n hoogtepunt van R7,5 miljard in die tweede kwartaal van 1991 bereik, waarna dit effens tot R7,1 miljard in die vierde kwartaal ingekrimp het. Die instelling van belasting op toegevoegde waarde het klaarblyklik nie 'n merkbare invloed op die mark vir vaste eiendom gehad nie.

In die *verbandmark* het die depositonemende instellings en onderlinge bouverenigings se toename in besit aan verbandlenings effens van R2,7 miljard in die derde kwartaal van 1991 tot R2,6 miljard in die vierde kwartaal afgeneem.

Onlangse ontwikkelings in die *afgeleide markte* sluit die oopstelling van hierdie markte vir nie-inwonenende beleggers met ingang 2 Desember 1991 en die inwerkingtreding van die Verhandelbare Opsiemark op 24 Januarie 1992 in.

Die *Verhandelbare Opsiemark* is 'n verlengstuk van belegging in die onderliggende aandele-mark, met die notering van opsies op sekere maatskappy-aandele en aandeelindekse op die Johannesburgse Effektebeurs. Die vernaamste voordeel van dié opsie-mark is dat dit blootstelling behoort te verminder en belangstelling in die onderliggende waardepapier behoort te bevorder, en op hierdie wyse dus likwiditeit sal verhoog. Hierdie nuwe mark het stadig op dreef gekom met slegs nege kontrakte met 'n premie van R13 430 en 'n onderliggende waarde van R250 400 op die eerste sakedag. Bedrywigheid het tot 127 kontrakte met 'n premie van R42 790 en 'n onderliggende waarde van R1,2 miljoen gedurende die laaste week van Januarie 1992 toegeneem.

Uiteenlopende menings in reaksie op die lewendige aandele-mark het veroorsaak dat 'n wye verskeidenheid van posisies deur deelnemers op die *Suid-Afrikaanse Termynbeurs* gedurende 1991 ingeneem is. Die waarde van transaksies in termynkontrakte het dienooreenkomstig merkbaar van R4,6 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot 'n nuwe rekord van R7,7 miljard in die derde kwartaal uitgebrei; in die

vierde kwartaal het dit weer tot R4,9 miljard teruggesak. In Januarie 1992 het die vlak van hierdie transaksies 'n wesentlike R2,9 miljard bedra.

Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Die gemiddelde maandelikse *opbrengskoers* op *langtermynstaatseffekte* het van 'n lae 15,6 persent in Februarie en Maart 1991 tot 17,2 persent in Oktober toegeneem, wat verwagte hoër inflasiekoerse en opwaartse druk as gevolg van aansienlike lenings deur die openbare sektor in die primêre mark weerspieël het. Hierdie opbrengskoers het daarna tot 16,6 persent in Januarie 1992 afgeneem, maar teen die einde van Januarie het daaglikse opbrengskoerse weer opwaarts geneig. In ooreenstemming met hierdie bewegings en veranderinge in die verbruikersprysindeks, het die maandelikse gemiddelde reële opbrengskoers van langtermynstaatseffekte van 'n lae 0,5 persent in Julie 1991 tot 1,3 persent in September toegeneem, en daarna tot 0,4 persent in Desember 1991 verlangsaam.

Die depositonemende instellings se *oorheersende koers* op *huisverbande* wat sedert April 1991 op 19,75 persent gehandhaaf is, is in Oktober 1991 met 0,25 persentasiepunte tot 20,00 persent verhoog. Hierdie verhoging was in reaksie op die instelling van die belasting op finansiële instellings in die plek van belasting op toegevoegde waarde. In 'n poging om 'n verlaging van die Bankkoers vooruit te loop, het die meeste van die groter depositonemende instel-

Kapitaalmarkopbrengskoerse



lings teen die einde van Januarie 1992 aangekondig dat die koers op huisverbandlenings met ingang 2 Maart 1992 met 1 persentasiepunt tot 19,0 persent verlaag gaan word.

Die belasting op finansiële instellings waarna hierbo verwys is, het ook tot 'n verlaging in die rentekoers op deposito's van twaalf maande by depositonemende instellings gelei. Hierdie koers wat as verteenwoordigend van depositokoerse in die algemeen beskou word, is met 0,50 persentasiepunte tot 15,5 persent in Oktober 1991 verlaag om die druk op rentekoersmarges tussen uitleen- en depositokoerse te verlig.

Saam met die opwelling in die gemiddelde vlak van aandelepryse het die dividendopbrengskoers van 4,29 persent in Januarie 1991 tot 3,23 persent in Julie en tot 3,13 persent in Januarie 1992 gekrimp. Die verdienste-opbrengskoers op alle klasse aandele, uitsluitende goudmynaandele, het ook van 11,33 persent in Januarie 1991 tot 8,0 persent in Augustus en tot 7,58 persent in Januarie 1992 afgeneem, as gevolg van hoër aandelepryse sowel as laer maatskappywinste.


Staatsfinansies

Skatkisuitreikings

Die koers van toename oor een jaar in die skatkisuitreikings aan staatsdepartemente (na die gebruikelike aansuiwering vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening), wat aansienlik vanaf 10,9 persent in die Junie-kwartaal (die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1991/92) tot 20,6 persent in die September-kwartaal versnel het, het in die Desember-kwartaal matig tot 18,8 persent gedaal. In Januarie 1992 het die groei in owerheidsbesteding weer versnel, met die gevolg dat die koers van toename oor twaalf maande in skatkisuitreikings in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1991/92 17,9 persent bedra het. Hierdie koers van uitbreiding was aanmerklik hoër as die 13,7 persent wat in die Begroting van Maart 1991 vir die fiskale jaar in sy geheel voorsien is, en dit was ook aanmerklik hoër as die inflasiekoers.

Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente was in die eerste tien maande van die fiskale jaar gelyk aan 80,4 persent van die totale begrote besteding vir die volle fiskale jaar; hierdie persentasie-aandeel het die verhouding van 79,6 persent van die ooreenstem-

Skatkisontvangste en -uitreikings



mende tydperk van die fiskale jaar 1990/91 oorskry, maar was laer as die verhouding van 82,4 persent vir die eerste tien maande in die voorafgaande vyf jaar. Soos in die Begroting voorsien is, het hierdie skerp groei in skatkisuitreikings in lopende besteding plaasgevind, veral in goedere en dienste, terwyl die groei in kapitaalbesteding onbeduidend was.

Hierbenewens is oordragte ten bedrae van R1,8 miljard ook gedurende die eerste tien maande van die fiskale jaar 1991/92 uit die Skatkisrekening gemaak. Hierdie besteding is nie ingesluit by die skatkisuitreikings soos gerapporteer aan die staatsdepartemente nie aangesien dit uit die Staat se finansieringsoorskot vir die fiskale jaar 1990/91 befonds is. Hierdie oordragte sluit in R450 miljoen wat aan die Herversekeringsfonds vir Uitvoerkrediet en Buitelandse Beleggings, R1 000 miljoen wat aan die Regeringsdienspensioenfonds en R350 miljoen wat aan die Mielieraad uitbetaal is. Indien die totale skatkisuitreikings in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1991/92 vergelyk word met die begrote en buite-begrote skatkisuitreikings van die ooreenstemmende tydperk van die vorige fiskale jaar, het die koers van toename in hierdie uitreikings slegs 7,9 persent bedra.


Skatkisontvangste

Die koers van toename oor een jaar in die ontvangste op die Skatkisrekening het skerp van 2,1 persent in die Junie-kwartaal van die fiskale jaar 1991/92 tot 9,0 persent in die September-kwartaal en tot 16,5 persent in die Desember-kwartaal versnel. Hierdie hoë koers van toename in die Desember-kwartaal kon aan die volgende faktore toegeskryf word:

- die bedrag aan voorlopige belasting wat op 31 Desember betaalbaar was maar wat tot in Januarie oorgeloop het, was baie laer in die fiskale jaar 1991/92 as in die fiskale jaar 1990/91, met die gevolg dat totale inkomstebelasting oor vier kwartale teen 'n koers van 23,6 persent in die Desember-kwartaal toeneem het;
- ontvangste uit die brandstofheffing het oor twaalf maande teen 'n koers van 58,8 persent in die Desember-kwartaal gestyg; en
- die ontvangste verkry uit algemene verkoopsbelasting en belasting op toegevoegde waarde was in die Desember-kwartaal van 1991 11,1 persent hoër as die ontvangste uit algemene verkoopsbelasting in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

In Januarie 1992 het die koers van toename oor een jaar in skatkisontvangste weer skerp gedaal. Dit het die koers van toename in hierdie ontvangste gedurende die eerste tien maande van die fiskale jaar 1991/92 op 8,8 persent te staan gebring teenoor

Staatsinkomste



die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar; hierdie koers van toename was steeds aansienlik laer as die begrote toename van 11,1 persent. Die totale skatkisontvangste in die eerste tien maande van die fiskale jaar 1991/92 was gelyk aan 79,8 persent van die totale begrote staatsinkomste vir die fiskale jaar in sy geheel, vergeleke met 'n verhouding van 85,7 persent in die fiskale jaar 1990/91 en 'n gemiddelde verhouding van 84,7 persent in die voorafgaande vyf fiskale jare. Die laer-as-verwagte skatkisontvangste was hoofsaaklik die gevolg van betreklik lae opbrengste uit algemene verkoopsbelasting/belasting op toegevoegde waarde, inkomstebelasting op maatskappye en aksynsheffings; die lae opbrengs op hierdie tipes belasting was op hulle beurt weer hoofsaaklik te wyte aan die slap toestande in die binnelandse ekonomie.

Tekort voor lenings

Die tekort voor lenings en skuldaflossings het in die eerste nege maande van die fiskale jaar 1991/92 R10 018 miljoen bedra, of ongeveer 99 persent van die begrote tekort van R10 118 miljoen vir die fiskale

Tekort voor lenings as persentasie van bruto binnelandse produk



jaar in sy geheel. Die tekort in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1990/91 was gelyk aan 66 persent van die begrote tekort van daardie jaar. In verhouding tot bruto binnelandse produk was die tekort van April tot Desember 1991 gelyk aan 4,4 persent; die oorspronklike Begroting het vir 'n verhouding van 3,4 persent van die bruto binnelandse produk vir die fiskale jaar in sy geheel voorsiening gemaak.

Die tekort van R10 018 miljoen is uit die volgende bronne gefinansier:

R miljoene

Openbare Beleggingskommissarisse	7 376
Nie-bank-private sektor.....	10 448
Monetêre instellings:	-2 905
Korporasie vir Openbare Deposito's.....	968
Ander monetêre instellings*	-3 873
Buitelandse sektor	754
Totale bruto finansiering	15 673
<i>Min:</i> Diskonto	3 855
Oordragte	1 800
Totale netto finansiering.....	10 018

*Sluit oordragte van R1,8 miljard in.

In Januarie is 'n oorskot van R388 miljoen op die Skatkisrekening aangeteken. Dit het die kumulatiewe tekort vir die eerste tien maande van die fiskale jaar 1991/92 op R9 630 miljoen te staan gebring. Hierdie tekort, plus die diskonto van R4 017 miljoen op nuwe uitgifes van staatseffekte en die oordragte van R1 800 miljoen, is deur middel van die volgende *skuldinstrumente* gefinansier:

R miljoene

Staatseffekte (insluitende diskonto).....	18 452
Skatkiswissels	1 111
Buitelandse lenings.....	539
Nie-bemarkbare obligasies	-67
Toename in beskikbare kontantsaldo's	-4 588
Totale finansiering van die skatkistekort	15 447
<i>Min</i> oordragte na:	
Herversekeringsfonds vir Uitvoerkrediet	
en Buitelandse Beleggings	450
Regeringsdienspensioenfonds	1 000
Mielieraad.....	350
<i>Min:</i> Diskonto op nuwe uitgifes van	
staatseffekte	4 017
Totale netto finansiering.....	9 630